e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

26 Augustus 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 29

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Teologiese opleiding

Gemeentes van die Kerk word weer eens versoek om, volgens die besluite van die Algemene Kerkvergadering, hul deurkollektes van eerskomende Sondag aan die Teologiese Opleidingsfonds af te staan.

Die opleiding van predikante was vir ons nog altyd 'n belangrike saak. Ons erns daarmee blyk uit twee sake. Eerstens die totstandkoming en groei van die Teologiese Opleidingsfonds. In die verslae van ringsvergaderings is met dankbaarheid en opgewondenheid kennis geneem van die groei van hierdie Fonds. Daar word met groot verwagting in die Kerk uitgesien na die dag wanneer die Fonds in staat sal wees om op 'n volhoubare wyse 'n bydrae te maak tot die instandhouding en/of uitbou van ons teologiese opleiding. Dit is egter teleurstellend dat daar steeds sommige gemeentes is wat geen bydrae maak nie.

In die tweede plek dui die intensiteit waarmee die debat oor die teologiese opleiding in die Kerk gevoer word, ook op ons erns daarmee. Daar behoort altyd 'n gesonde mate van spanning tussen die Kerk en die Universiteit te wees. Ons Kerk se dosente is die naelstring waarmee die Kerk aan die akademiese wêreld gekoppel is. Dit is 'n baie delikate verbintenis wat ons moet koester. Daarom is dit die verantwoordelikheid van almal wat hierby betrokke is en aan die debat deelneem om dit op so 'n wyse te doen dat hierdie verbintenis nie skade ly nie en vir almal tot voordeel sal strek. Die Kuratorium vir Teologiese Opleiding speel hierin 'n baie belangrike rol. Daarom plaas ons ook hier die volgende verklaring van die Kuratorium:

Die Kuratorium het op 'n vergadering gehou op 17 Augustus 2010 kennis geneem van 'n artikel wat gepubliseer is in *Koers, Leer en Lewenskwessies* 78 getitel *Teologiese opleiding van die NHKA: Die toekoms*. Na sorgvuldige en diepgaande bespreking wil die Kuratorium soos volg daarop reageer:

- Die kontrak tussen die Kerk en die Universiteit van Pretoria wat vroeër hierdie jaar gesluit is, is weer onder die loep geneem. Die Kuratorium is oortuig dat hierdie kontrak, wat reeds goedgekeur is, die beste geleentheid/moontlikheid bied vir die opleiding van ons predikante. Daar is niks in hierdie kontrak wat kan verhinder dat die Kerk, wat gekies het vir opleiding aan 'n universiteit, die predikante van die Kerk optimaal voorberei vir die bediening nie.
- Met kennisname van die totale kurrikulum en die vakinhoude is die Kuratorium oortuig dat dit die Kerk se predikante voorberei vir die eise van die bediening asook om in gesprek te kan bly met die heersende vrae van ons tyd.
- Die Kuratorium wil daarom weer eens ons waardering boekstaaf teenoor die dosente van ons Kerk en van die breë Fakulteit vir nougesette werk, dikwels onder groot druk. Hierdie werk van die dosente getuig van goeie wetenskaplike teologie wat tegelyk geloofsvormend en in gesprek is met die uitdagings van ons tyd.

Dr Gerhard Lindeque

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds Gerhard Viviers** van Laeveld na Zeerust

Beroep aanvaar

- **Ds Stephan van Tonder** (beroepafwagtend) na Gobabis (deelsorg)

Beroep bedank

- **Ds Petrus Harmzen** van Hartbeesfontein/Gerdau na die Stella-kombinasie

Vakante standplaas

- **Gemeente Sasolburg-Suid** se predikant het op Sondag 4 Julie emeritaat aanvaar. Die gemeente wil so gou moontlik die **vakante volsorgstandplaas** vul, en wag daarom aansoeke in van predikante wat tot 12 jaar ervaring in die bediening het. Daar sal van kandidate verwag word om, na indiening van die aansoek en CV met 'n kort beskrywing van persoonlike visie en vaardighede, in gesprek te tree met die beroepskomitee, die gemeente op 'n Sondag met sy/haar gade te besoek en die erediens te lei. Die kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Sasolburg is in die Vaaldriehoek geleë en beskik oor goeie skole asook goeie universiteite in die omgewing. Aansoeke moet die gemeente **voor 5 September 2010** bereik. Rig aansoeke aan die skriba, Marinda Coleske, by Posbus 40, Sasolburg 1947, of per e-pos na **mccoleske@gmail.com**. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 016 973 2147 of 083 443 6904.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Die begrafnis van **ds Danie Erasmus** het op Saterdag 21 Augustus plaasgevind. Ds Nico Brayshaw het die diens in die kerkgebou gelei en ds Dries Beukes, predikantslid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), het 'n huldeblyk namens die Kommissie en die Kerk gelewer. Die Kerk se meelewing word met mev Corlia Erasmus en hul kinders betuig. Ds Erasmus het veral wat die kerklied betref 'n groot bydrae gelewer. Hy was 'n deeglike en hardwerkende mens op wie die Kerk en sy gemeentes baie trots was. (In die September 2009-uitgawe van *Konteks* het 'n deernisvolle artikel oor ds Erasmus en sy gesin verskyn; dit is geskryf deur dr Elsabé Kloppers.)

- **Mev Ina Snyman**, vrou van emerituspredikant ds Theuns Snyman, word die afgelope twee weke in 'n hospitaal in Potchefstroom versorg nadat sy geruime tyd reeds ernstig siek is. Die Kerk se voorbidding word vir ds en mev Snyman gevra.

- **Ds Stephan van Tonder** het die beroep na **Gemeente Gobabis** aanvaar. Hy is besig om aansoek te doen vir die visums en tydelike werkpermit. Tans is die verkryging van 'n meer permanente werkpermit uiters moeilik. Die Ringskommissie hanteer die saak. Ds Van Tonder word gelukgewens met die beroep en sterkte toegebid met die werk.

- **Ds Roelf Coertze** van Gemeente Montana het by die Kommissie van die AKV aansoek gedoen om emeritaat. Sy aansoek sal op 2 September hanteer word. Die enigste ander predikant wat nog vanjaar moet emeriteer, is **dr Piet van Staden**, deeltydse predikant van Philadelphia.

- **Ds Buks van Heerden** van Gemeente Harrismith se nuwe selfoonnommer is 072 981 8427.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.

  - Vrydag 27 Augustus: Prof Johan Koekemoer (emeritus)
  - Saterdag 28 Augustus: Ds Gert van Staden (emeritus)
  - Sondag 29 Augustus: Di Wynand Rademeyer (Vivo) en Jan van Immerzeel (Silverton)

- Dinsdag 31 Augustus: Ds Koos Naudé (emeritus)
- Woensdag 1 September: Ds Tertius Hindley (Randfontein Midpark)
- Vrydag 3 September: Ds Marthinus van Staden (Gaborone)

- Ons gee graag weer die **proefpreekrooster** van die **finalejaar teologiestudente**:

  - 12 September: Annezel Otto (Sionspoort)
  - 19 September: Yolandé Benadé (Pretoria-Oos) en Petrus Dreyer (Rietvallei)
  - 10 Oktober: Maritza Botha (Wonderboom) en Lisa-Mari Swanepoel (Montana)
  - 17 Oktober: Wouter van Wyk (Kempton Park-Oos) en Tiaan Loedolf (Philadelphia)
  - 24 Oktober: Pieter Rossouw (Bosmansrust)

  Die **legitimasie en beroepbaarstelling** van die kandidate vind in **Maart 2011** plaas.

- **Gemeente Harare** benodig 'n **dataprojektor** vir onder meer jeugaktiwiteite en ander toerusting. Dataprojektors is wel beskikbaar in Harare, maar elektroniese goedere is ongeveer drie tot vier keer duurder daar as in Suid-Afrika. Die gemeente is ook met verskeie barmhartigheidspogings binne die gemeente besig weens die geweldige resessie wat Harare steeds beleef, en kan nie bekostig om self 'n projektor aan te skaf nie. Die jeug in die gemeente smag na aktiwiteite waarby hulle kan inskakel. In Harare self is daar nie juis geleenthede vir die jeug om uit te gaan en te gaan fliek of saam te kuier nie. Die Kerk het hier 'n ideale geleentheid om die jeug rondom die Kerk te verenig. **Ds Werner Olivier** vertrek weer op 11 September na Zimbabwe en sal graag 'n dataprojektor wil saamneem. Enige persoon of gemeente wat bereid is om 'n dataprojektor te skenk, kan skakel met ds Werner Olivier by 082 412 7144 of met dr Fanie Pretorius by die Sinodale Kerkkantoor, by 012 322 8885 x256 of **fanie@nhk.co.za**.

- Predikante en afgevaardigdes wat nog nie oor 'n **agenda vir die 69ste AKV** beskik nie, moet asseblief so gou moontlik met dr Fanie Pretorius of mev Karen Breedt in verbinding tree.

- In aansluiting by die voorbladberig, rig dr Barry van Wyk, sekretaris van die **Teologiese Opleidingsfonds**, die volgende versoek: *Gemeentes word daaraan herinner dat eerskomende Sondag (29 Augustus) die tweede geleentheid is om deurkollektes vanjaar af te sonder vir die Teologiese Opleidingsfonds. Gemeentes, skribas en dienaars van die Woord word versoek om asseblief toe te sien dat dit gebeur en om die saak van die Fonds opnuut tydens afkondigings te motiveer. Ons nader die punt waar die Fonds vyf miljoen rand sterk gaan wees. Dalk is dit nog in hierdie finansiële jaar moontlik met u almal se gewaardeerde ondersteuning. Hartlik dankie vir u positiewe ondersteuning en getroue bydraes vir die Fonds.*

Konserte en dames- en mannebyeenkomste

- **Vrydag 27 Augustus: Gemeente Krugersdorp-Noord jaarlikse musiekfees**
  Kore, orreluitvoering, soliste en 'n instrumentele ensemble
  R50 per persoon
  Kontak ds Johan of Marita Fourie by 011 953 1402 of 072 278 1456

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Parkrand: Gholfdag Donderdag 9 September om 11:00**
  ERPM-gholfbaan in Boksburg
  Borge vir bof en setperke benodig teen R1 000 elk
  Kontak Dries by 082 906 09017
  of gemeentelike kerkkantoor by 011 896 3112 (09:00-13:00)

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Mafeking: Vakansie-akkommodasiekompetisie**
  Trekking 28 Augustus
  R50 per kaartjie
  1ste prys: 3 nagte verblyf vir 8 by Botsalano Game Reserve
  2de prys: 3 nagte verblyf vir 4 by Bloemhofdam
  Kontak Johan of Rika de Klerk by 082 552 0237 of 079 526 1443
  of Magda Redelinghuys by 082 789 1523

- **Gemeente Laer Suidkus: Vrydag 3 September om 18:30 Garnaalfees**
  By kerkgebou te Scottstraat 3, Port Shepstone
  Dis dié bekende Suidkusfees se 10de jaar!

Buffet van heerlike groot *Tigers*, voor- en nagereg, en wynkelder; beesvleis ook beskikbaar
R140 per volwassene en R70 vir kinders onder 12
Kontak ds Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za** vir kaartjies en/of verblyf

- **Gemeente Roossenekal: Aronskelk Potjiekosfees Saterdag 4 September**
  1ste prys: Naweek vir 2 by Tilodi Wilderness Game Lodge
  2de prys: Weber-skottelbraai. Ander pryse ook
  Kontak Hennie Prinsloo by 082 494 8359 of **aronskelk@vodamail.co.za**

- **Gemeente Magaliesburg: 4-5 September Biltongfees**
  Saterdag pretdag, Sondag lof- en aanbiddingsfees
  Tiende gaan aan Doulos-armoedebediening
  Kom geniet ook die Brits Radiovlieëniers
  Kontak **gpj@vodamail.co.za**

- **Gemeente Premiermyn: Wen ’n Ford Bantam-bakkie**
  Slegs R100
  Wenner bekendgemaak op **17 September** se NHSV-kuieraand
  Kontak Piet by 083 230 1135

Basaars en markte

- **Vrydag 27 en Saterdag 28 Augustus: Gemeente Springs-Oos basaar**
  By Driehoekterrein Lodeyko in Springs
  Tema: *Afrikaners is plesierig*
  Uitstallers, speletjies, Mnr en Mej Lente, motorfietswaaghals, verskeidenheid kosse
  Skakel gemeentelike kerkkantoor (011 362 4691) of Katrien Prinsloo (083 437 1039)

- **Vrydag 27 tot Saterdag 28 Augustus: Gemeente Pretoria-Oos boerebasaar**
  Delystraat 100
  Vrydagmiddag koorfees in die kerk, van 14:00 tot laat teetuin en kosstalletjies
  Saterdagoggend plaasontbyt, ander lekkernye, goedkoop vleis en vermaak
  Pretpark, wynveiling, Jakaranda Boere-orkes van 09:00 af
  Kontak **ptaoos@nhk.co.za**

- **Saterdag 28 Augustus: Gemeente Mafeking Ommi Wêreld-basaar**
  Nelson Mandelaweg
  Veiling 13:00 van 1,2 x 1,5 m geraamde trui van Spaanse sokkerspan, asook poskaartfoto’s wat deur spanlede geteken is
  Kontak Johan of Rika de Klerk (082 552 0237 of 079 526 1443)

- **Saterdag 28 Augustus: Gemeente Primrose basaar met antieke tema**
  Trourokuitstalling met rokke van vroeë 1960’s tot nou
  Buitestalletjies beskikbaar
  Kontak Annatjie Els by 011 828 1649 of 083 360 2692

- **Vrydag 3 September: Gemeente Swartkop Vrolikenotemusiekbasaar**
  Begin om 15:00, sluit af met gemeente-ete
  Kevin Leo en Ilse van der Merwe met saamsingmusiek
  Dapperes kan self sing!
  Kontak Adriaan Roets by 012 654 4290 of 083 232 4424

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 September: Gemeente Witfontein**
  7de Delwersfees
  Delf vir prysgeld van R32 500 kontant
  Kontak Dries Joubert (082 581 2142) of Ferdie Lubbe (082 552 3944)
  of Jimmy Manders by **jtmanders@icon.co.za**

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 September: Gemeente Brackenhurst basaar**
  Vrydagaand potjiekos vanaf 18:00, om 20:00 Countdown to the Red Carpet
  Kaartjies teen R50 by kerkterrein beskikbaar
  Saterdag vanaf 09:00 basaar, stalletjies te huur teen R150
  Skakel Nadia by 071 893 9046

- **Vrydag 3 en Saterdag 4 September: Gemeente Tzaneen Willewestekarnaval**
  Begin Vrydag 12:00, vlotoptog 15:00, aandete en vertoning deur Martino en plaaslike kunstenaars
  Saterdag vanaf 08:00 ontbyt, vertoning deur Martino, stalletjies
  Kontak Emmarentia Buitendag by 083 438 2230 of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514
  of **nhkerktzn@mweb.co.za**

- **Saterdag 4 September: Gemeente Bothaville Lentebasaar**
  Ry 'n rodeobul, bewonder 20 *streetrods*
  10:00 Ebi Wouters, 11:00 veiling, 13:00 wynveiling
  Kontak 056 515 2673 of **doutie@vodamail.co.za**

- **Saterdag 4 September: Gemeente Ventersdorp basaar**
  Pretritte met veteraanmotors – geen inskrywingsfooi
  Kontak Mario Röscher by 083 566 4351

- **Saterdag 4 September 09:00: Gemeente Klerksdorp-Suid basaar**
  Van Onselenstraat 40, Neserhof, Klerksdorp
  Stalletjies, biertent, vleis, witolifanttafel, gebak, naaldwerk
  Karkompetisie
  Kontak Pieter Grobbelaar (084 816 1312) of ds Jan Wilson (082 453 0402)

- **Saterdag 4 September 09:00: Gemeente Hartebeestpoort Lentebasaar**
  Tema: *70's Lentefees*
  Gaskunstenaar Marisa Bosman (Ester Bester)
  Maalvleis R35, wors R45, T-been R50 per kg
  Proe koedoe-schnitzel en gaar skaapkop
  Lentespeletjies, spookhuis, skyfskiet, tombola, ensovoorts
  Kontak gemeentelike kerkkantoor (012 252 4315) of Daan van Heerden (082 807 4225)

- **Saterdag 4 September: Gemeente Magaliesmoot Countryfees en osbraai**
  Toegang R20 vir volwassenes en R10 vir kinders onder 10
  Kontak Elma du Plessis (082 954 7955) of Emmerentia Botha (083 243 6014)

- **Saterdag 4 September: Gemeente Welgelegen-Pietersburg basaar**
  Kontak Annatjie Sandrock by **nhk.welgelegen@absamail.co.za**
  of 015 295 5464

- **Saterdag 4 September: Gemeente Montana Verejol**
  Alles rondom hoenders en ander geveerdes
  Die 3 dominees voer ***Swan Lake*** op!
  Kontak Koos Stolz of Susan Bosch by 087 802 1109 of 012 567 1753
  Stuur e-pos na **nhkmontana@gmail.com**

ANDER NUUS

- Die redaksie van die *e-Hervormer* het besluit om nie meer **leserskommentaar** te publiseer nie. Kommentaar oor enige van ons publikasies kan na die **Gespreksforum** van die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Gaan na *Praat saam* op die webblad en volg die instruksies.

- Die **Raad van Finansies** vergader op **Vrydag 27 Augustus** vir die laaste keer voor die 69ste AKV. By dié geleentheid word onder meer afskeid geneem van **dr Theo van Rooyen** wat 22 jaar lank diens gedoen het as lid van die Raad. Hy het deurentyd 'n aktiewe rol gespeel en elke taak wat aan hom toevertrou is met groot onderskeiding verrig. Dr Van Rooyen het versoek om nie weer in die Raad verkies te word nie, aangesien sy besighede sy volle aandag vereis. Die Raad word opnuut verkies tydens die 69ste AKV.

- Diakonale Pleegsorg (DPS). **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Rustenburg**. Datum van diensaanvaarding Desember 2010 maar nie later nie as 1 Januarie 2011. **Aansoeke sluit op 22 September 2010.** Getroude egpaar, verkieslik tussen 40 en 55 jaar oud, lidmate van die Hervormde Kerk, goeie gesondheid en 'n aanvoeling vir kinders. Suksesvolle ouers sal benewens 'n maandelikse kontantvergoeding en mediese voordele, gratis inwoning in die DPS-huis ontvang. Kontak dr Koos Engelbrecht by 012 322 8885 (w) of 079 884 2880, of ds Roelf Coertze by 012 548 1496 of 082 572 4846.

- NG Welsyn Noordwes en Gauteng beskik oor **vakatures vir maatskaplike werkers, 'n administratiewe beampte en geregistreerde verpleegkundiges en hoofverpleegkundiges.** Diensaanvaarding moet so spoedig moontlik geskied. Rig navrae oor Noordwes aan Miranda Visagie (018 462 6028) en oor Gauteng aan Shirley Theron (011 764 4031); e-pos na **info@ngwelsyn.co.za**.

- **Prof Alasdair Heron van Duitsland**, Calvyn-kenner, is tans in Suid-Afrika. Hy gee 'n lesing in Bloemfontein by die 10de Internasionale Kongres vir Calvynnavorsing. Die week van 28 Augustus tot 3 September is hy 'n gas van die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria. Op **Dinsdag 31 Augustus** voer hy gesprek met predikante van die Hervormde Kerk. Dit vind om 14:00 plaas in die Raadsaal by die Sinodale Kerkkantoor, en die tema is **Calvyn se bydrae tot die liturgie**.

- **Unisa: Kongres oor transendensie**
  Donderdag 2 tot Vrydag 3 September Sunnyside-kampus
  R250
  Bespreek by **phukumlm@unisa.ac.za**
  Skakel me Nonnie Fouché by 012 429 4470 of me Phukuile by 012 429 4369

- **NG Kerk Noordelike Sinode: Ekologiekonferensie**
  Saterdag 4 September 08:00 NG Kerk Monumentpark
  Sprekers proff Willie van Heerden, Ernst Conradie, Wouter van Hoven, Attie van Niekerk
  Skype ook met Nederlandse gemeentes
  R100 per persoon, sluit verversings in en VBO-punte vir predikante
  Skakel Gustav Claassen by 082 856 1943

- Die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** (BSA) het op 23 Augustus sy **190ste bestaansjaar** herdenk. Op dié dag in 1820 het die stigtingsvergadering van die South African Bible Society, 'n hulpvereniging van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, in die destydse Government House (Tuynhuys) onder voorsitterskap van die waarnemende Goewerneur, Sir Rufane Donkin, plaasgevind. Dié klein hulpvereniging het gegroei tot 'n ten volle outonome organisasie wat as 'n artikel 21-maatskappy sonder winsmotief funksioneer. Tien van Suid-Afrika se amptelike tale beskik oor 'n volledige Bybel, en die Bybelgenootskap is by almal betrokke. Een amptelike taal, **Suid-Ndebele**, wag nog op die volledige Bybel. Daar word aan die vertaling gewerk en die Bybelgenootskap hoop om dié Bybel binne 'n paar jaar bekend te stel. 'n Spesiale verjaardagprojek is geloods om R1 miljoen vir die voltooiing van die Suid-Ndebele Bybelvertalingsprojek te probeer insamel. Besoek **www.biblesociety.givengain.org** om 'n bydrae te maak.

- Ons Tuis in Riviera, Pretoria, bied **tydelike verblyf** in goed toegeruste wooneenhede teen R550 per dag vir twee persone wat deel en R350 enkel – sluit drie etes in. Navrae aan Elize Mans by **otbestuur@otmt.org** of tydens kantoorure by 012 329 3623.

- **Van der Hoff Teologiese Vereniging** verkoop dasse teen R110 elk. Kontak Lisa-Mari Swanepoel by 083 943 4561 of **lisamari.swanepoel@gmail.com**.

- **Ds Joseph Motloba** van die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC) benodig dringend 'n **skootrekenaar**. Hy beskik wel oor 'n rekenaar by die kantoor, maar is dikwels uitstedig vir sy werk. Indien iemand finansieel kan help of dalk 'n ou skootrekenaar kan skenk, kan hulle in verbinding tree met mev Clarika Hattingh by 012 322 8885 x263 of met ds Motloba by 012 322 8885 x262.

- Op **Vrydag 3 September** vier ons **Loslitdag**. Maak 'n **R10-donasie** deur 'n **plakker** te koop en op dié dag te dra, en wys jou ondersteuning vir persone met gestremdhede. Trek verspot of anders aan, want die slagspreuk vir die jaar sê: *Laat ons lag met jou drag want jou plakker sê jy mag*. Vir meer inligting, besoek **www.loslitdag.co.za**, of kontak Karin du Toit van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) by 012 320 7644 of 082 500 9301.

- Twee **VCSV-kampe** word gedurende Desember/Januarie aangebied. Van 12 tot 23 Desember 2010: Kontak Christo en Analie du Preez by **dupacc@wol.co.za**, 083 663 2456 of 082 877 9365. 26 Desember 2010 tot 5 Januarie 2011: Kontak Izani en Len Truter by **fixitplum@mweb.co.za**, 083 3254 557 of 072 710 3273.

- **Lees in *Konteks* van September 2010**

  - Boodskappe in die aanloop tot die Algemene Kerkvergadering
  - Netwerk van sorg aan ouer persone
  - Bediening aan die dowe gemeenskap

- **Lees in *Die Hervormer* van September 2010**

  - Apostolaat is die werk van die hele Kerk
  - Ervaar die lewegewende krag van God se Gees hierdie lente
  - Maak kennis met die nuwe webblad van die Hervormde Kerk

  Kontak mev Susann van Zyl van die SENTIK-boekwinkel by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za** indien u enkelkopieë van enige van ons publikasies wil bekom. Besoek **www.konteks.co.za** en **www.hervormer.co.za** vir meer inligting.

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 27 Augustus: Raad van Finansies
  - Maandag 30 Augustus: Komitee vir die Hersiening van Jaarverslae
  - Dinsdag 31 Augustus: Kerkhistoriese Genootskap
  - Donderdag 2 September: Kommissie van die AKV
  - Vrydag 3 September: Kommissie van die AKV

ADVERTENSIES

MARIJA MANOR GASTEHUIS (WONDERBOOM)

Marija Manor Gastehuis is 3 km van die Hervormde Kerk in Marjoramstraat geleë
waar die driejaarlikse Algemene Kerkvergadering in September plaasvind.
Kontinentale ontbyt is ingesluit.
Buffetontbyt ook beskikbaar op aanvraag.
Veilige parkering en goeie sekuriteit.
Bekostigbare pryse.
Kontak Jolanda by 083 447 2240.
Besoek **www.marijamanor.co.za**.

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente uitgebreide inligting oor ’n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

SP Engelbrecht-museum

Op Woensdag 25 Augustus is die SP Engelbrecht-museum amptelik ingewy by sy nuwe tuiste in die historiese kerkgebou van Gemeente Pretoria by Du Toitstraat 169.

Maande lange voorbereiding het dié luisterryke geleentheid voorafgegaan. Argiefstukke is die eerste keer in jare behoorlik skoongemaak, uitstalkaste is bekom, en museumkundiges het die argivaris, Nándor Sarkady, bygestaan om ’n smaakvolle uitstalling in die galery van die kerkgebou in te rig.

Tydens die 69ste AKV aan die einde van September sal predikante en ampsdraers van oor die hele land die geleentheid kry om ’n begeleide besoek aan die Museum te bring.

Reëlings moet vooraf getref word indien persone die Museum wil besoek. Kontak Nándor Sarkady by 012 322 8885 x204.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx